G 68 G
s. 559

GOVT PUBL
3-JAN 1994
UCT LIBRARIES

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper* — *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

VOL. 342 — CAPE TOWN, 17 DECEMBER 1993 — KAAPSTAD, 17 DESEMBER 1993 — No. 15350

STATE PRESIDENT'S OFFICE

No. 2433. 17 December 1993

It is hereby notified that the Acting State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 172 of 1993: Application of Resolutions of the Security Council of the United Nations Act, 1993.

KANTOOR VAN DIE STAATSPRESIDENT

No. 2433. 17 Desember 1993

Hierby word bekend gemaak dat die Waarnemende Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 172 van 1993: Wet op die Toepassing van Besluite van die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies, 1993.

# ACT

**To provide for the application in the Republic of certain resolutions taken by the Security Council of the United Nations; and to provide for matters connected therewith.**

*(Afrikaans text signed by the Acting State President.)*
*(Assented to 8 December 1993.)*

BE IT ENACTED by the State President and the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Application of resolutions of Security Council of United Nations**

**1.** (1) The State President may by proclamation in the *Gazette* declare that any resolution taken by the Security Council of the United Nations under the provisions of the Charter of the United Nations shall apply in the Republic to the extent specified in the proclamation, as from a date so specified, and such resolution shall be implemented in the Republic in such manner as the State President may so determine.

(2) A proclamation contemplated in subsection (1) may be amended, supplemented or repealed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

**Tabling of proclamations**

**2.** A proclamation issued by the State President under section 1 shall be laid upon the Table in Parliament in the same manner as the list referred to in section 17 of the Interpretation Act, 1957 (Act No. 33 of 1957), and if Parliament by resolution disapproves any such proclamation or any provision thereof, such proclamation or provision shall cease to be of force and effect, but without prejudice to the validity of anything done in terms of such proclamation or such provision before it so ceased to be of force and effect, or to any right or liability acquired or incurred in terms of such proclamation or such provision before it so ceased to be of force and effect.

**Offences and penalties**

**3.** Any person who contravenes or fails to comply with a provision of a proclamation contemplated in section 1 shall be guilty of an offence and be liable on conviction to a fine or to imprisonment for a period not exceeding 15 years.

**Exemption from liability**

**4.** The State shall not be liable for any loss or damage suffered by any person which is caused by or arises from or is in any way connected with any *bona fide* act performed in accordance with a resolution made applicable in the Republic under section 1.

**Short title and commencement**

**5.** This Act shall be called the Application of Resolutions of the Security Council of the United Nations Act, 1993, and shall come into operation on a date fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

# WET

**Om voorsiening te maak vir die toepassing in die Republiek van sekere besluite geneem deur die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

---

*(Afrikaanse teks deur die Waarnemende Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 8 Desember 1993.)*

---

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Toepassing van besluite van Veiligheidsraad van Verenigde Nasies**

**1.** (1) Die Staatspresident kan by proklamasie in die *Staatskoerant* verklaar dat enige besluit geneem deur die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies kragtens die bepalings van die Handves van die Verenigde Nasies in die Republiek van toepassing is in die mate in die proklamasie bepaal, vanaf 'n datum aldus bepaal, en sodanige besluit word in die Republiek geïmplementeer op die wyse wat die Staatspresident aldus bepaal.

(2) 'n Proklamasie beoog in subartikel (1) kan deur die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* gewysig, aangevul of herroep word.

**Tertafellegging van proklamasies**

**2.** 'n Proklamasie wat kragtens artikel 1 deur die Staatspresident uitgevaardig word, moet in die Parlement ter Tafel gelê word op dieselfde wyse as die lys bedoel in artikel 17 van die Interpretasiewet, 1957 (Wet No. 33 van 1957), en indien die Parlement by besluit so 'n proklamasie of 'n bepaling van so 'n proklamasie afkeur, verval die regskrag van die proklamasie of bepaling, dog sonder om afbreuk te doen aan die geldigheid van iets wat ingevolge so 'n proklamasie of so 'n bepaling gedoen is voor die regskrag daarvan aldus verval het, of aan 'n reg of verpligting wat ingevolge so 'n proklamasie of so 'n bepaling verkry of opgeloop is voor die regskrag aldus verval het.

**Misdrywe en strawwe**

**3.** 'n Persoon wat 'n bepaling van 'n proklamasie beoog in artikel 1 oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 15 jaar.

**Vrystelling van aanspreeklikheid**

**4.** Die Staat is nie aanspreeklik nie vir enige verlies of skade wat 'n persoon mag ly wat veroorsaak word of wat voortspruit uit of op enige wyse in verband staan met enige *bona fide*-handeling verrig ooreenkomstig 'n besluit wat kragtens artikel 1 in die Republiek van toepassing gemaak is.

**Kort titel en inwerkingtreding**

**5.** Hierdie Wet heet die Wet op die Toepassing van Besluite van die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies, 1993, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

PRINTED BY CREDA PRESS, CAPE TOWN, FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, TEL. (012) 323-9731 X267—12000
GEDRUK DEUR CREDA PRESS, KAAPSTAD, VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, TEL. (012) 323-9731 X267—12000